DEEL 117 | WEEK 42 | 17 OKTOBER 2025 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR



# Rondloper beeste bedreig Heilbron se pogings om bek-en-klouseer te keer

Heilbron — 'n Toenemende aantal gevalle van bek-en-klouseer (BEK) in die Vrystaat laat plaaslike boere in Heilbron groot kommer uitspreek oor rondloper vee wat die verspreiding van die siekte kan vererger.

Volgens die Departement van Landbou en Landelike Ontwikkeling het die aantal bevestigde BEK-gevalle in die provinsie tot 42 gestyg, versprei oor sewe gebiede in vyf munisipaliteite. Dit sluit onder meer twee gevalle in Heilbron in.

Bewegingsbeperkings is ingestel op alle plase binne 'n radius van 10 kilometer vanaf besmette plase, wat nou onder kwarantyn geplaas is. Tog beweeg talle rondloper beeste steeds deur die dorp en omliggende gebiede — dikwels sonder toesig of identifikasie.

"Wanneer diere vrylik deur die dorp beweeg en moontlik in kontak kom met kuddes buite, stel dit elke boer in gevaar," sê 'n plaaslike produsent. "Die koste en skade van 'n nuwe uitbreking is eenvoudig te groot om te ignoreer." Polisie-optrede is nou noodsaaklik. Boere meen dat die departement nie daadwerklik teen oortreders optree nie en die polisie moet betrokke raak om eienaars van rondloper vee aanspreeklik te hou. Buiten die verspreidingsgevaar hou die diere ook 'n ernstige risiko vir padongelukke in, veral snags op hoofroetes.

Die Departement van Landbou sê hulle fokus tans op inentingsprogramme by besmette plase en die beheer van virale ladings om verdere verspreiding te beperk. Hulle doen egter ook 'n beroep op boere en die gemeenskap om enige verdagte gevalle onmiddellik aan te meld by staatsveeartse.

**Wetlike verpligtinge**

Ingevolge die Dieresiektewet (Wet 35 van 1984) en Staatskoerant No. 51512 van 13 Junie 2025, is alle eienaars van vee verplig om: streng biosekuriteits-maatreëls toe te pas, die beweging van diere te beperk, besmette of kontakdiere vir 28 dae te isoleer, en akkurate rekords van alle vee te hou.

Die departement waarsku dat die beweging van diere onder kwarantyn sonder dokumentasie 'n misdaad is, en dat samewerking tussen boere, die polisie en staatsveeartse noodsaaklik is om die Vrystaat se vee-ekonomie te beskerm.










# Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum

## *Jou Geestesgesondheid – Praktiese Wenke van 'n Maatskaplike Werker*

***'n Perspektief van 'n maatskaplike werker***

Soms weet ons nie waar om te begin om na ons geestesgesondheid om te sien nie. Moenie bekommerd wees nie. Hierdie gids gee jou eenvoudige, daaglikse wenke wat jy kan uitknip en iewers in jou huis, werkplek of op 'n plek waar jy veilig voel, kan sit en volg.

**Waarom geestesgesondheid belangrik is**

Geestesgesondheid beïnvloed hoe ons dink, voel en optree. Dit raak ons werk, studie, gesinne en verhoudings. In Suid-Afrika ervaar ongeveer een uit vyf volwassenes op 'n gegewe tydstip 'n geestesgesondheidsprobleem. Dit is normaal om soms oorweldig te voel, maar daar is maniere om dit te hanteer.

**Algemene geestesgesondheidstoestande**

- **Depressie:** Langdurige hartseer, verlies van belangstelling, swak konsentrasie, slaap- of eetprobleme.
- **Angsstoornisse:** Oormatige bekommernis, paniekaanvalle, fisiese spanning soos verhoogde hartklop.
- **Bipolêre versteuring:** Wissel tussen maniese fases (hoë energie, impulsiewe gedrag) en depressiewe fases.
- **PTSV:** Herleef trauma, nagmerries, hiperwaaksaamheid, emosionele afsnyding.
- **Eetversteurings:** Obsessie met kos of gewig, binge eating, selfsbesering.

**Hoe weet jy of jy regtig okay is?**

**Vra jouself gereeld:**

- Hoe voel ek regtig vandag?
- Het ek genoeg geslaap en gesond geëet?
- Kan ek my gevoelens met iemand deel?
- Voel ek oorweldig of emosioneel afgesny?

**7-Dae Daaglikse Geestesgesondheid-gids**

**Dag 1: Fokus:** Selfbewustheid. **Wenk:** Sit stil en merk jou gedagtes. Skryf jou gevoelens neer of deel dit met iemand wat jy vertrou.

**Dag 2: Fokus:** Beweging. **Wenk:** 20 Minute se ligte oefening, stap of rek. Verbeter jou gemoed en energie.

**Dag 3: Fokus:** Slaap & Voeding. **Wenk:** Hou 'n gereelde slaapsiklus. Eet gebalanseerd en drink genoeg water.

**Dag 4: Fokus:** Ontspanning. **Wenk:** Stokperdjies, musiek, lees of meditasie help jou balans herstel.

**Dag 5: Fokus:** Verbinding. **Wenk:** Praat met 'n vriend of familielid. Sosiale ondersteuning versterk jou gemoed.

**Dag 6: Fokus:** Stel grense. **Wenk:** Sê nee vir dinge wat jou oorlaai. Fokus op aktiwiteite wat jou emosioneel voed.

**Dag 7: Fokus:** Refleksie. **Wenk:** Kyk terug op jou week. Wat het jou goed laat voel? Stel 'n plan vir positiewe gewoontes.

**Daaglikse wenke:**

- Begin elke dag met selfrefleksie.
- Beweeg jou liggaam en eet gebalanseerd.
- Deel jou gevoelens met iemand wat jy vertrou.
- Ontspan en neem tyd vir jouself.
- Soek professionele hulp indien nodig.

**Belangrike Suid-Afrikaanse hulpbronne:**

- SADAG: 0800 456 789
- Lifeline Suid-Afrika: 0861 322 322
- Suicide Crisis Helpline: 0800 567 567

Geestesgesondheid is nie iets wat jy net tydens 'n krisis moet hanteer nie. Daaglikse sorg, selfs klein stappe, bou veerkragtigheid en balans. Moenie bekommerd wees as jy nie weet waar om te begin nie – gebruik hierdie gids, plak dit op 'n veilige plek en volg dit stap vir stap. Begin deur net te vra: "Hoe voel ek regtig vandag?" – dit kan die eerste stap wees na 'n gesonder gemoed en beter welstand.

# Onbekende man gevind by Heilbron Gholfklub

Heilbron – 'n Onbekende man is Dinsdagmiddag, 7 Oktober 2025, dood aangetref op die terrein van die Heilbron Gholfklub. Volgens inligting was dit omstreeks middagete toe opsigters die liggaam ontdek het, waar die man blykbaar homself aan 'n boom naby die verste punt van die gholfbaan opgehang het.

'n Onbekende swart man, na raming tussen 30 en 50 jaar oud, kon nie deur personeel of enige ander persone op die toneel geïdentifiseer word nie. Volgens die opsigters was hy nie 'n werknemer van die klub nie.

Die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPS) het omstreeks 14:00 op die toneel aangekom, waarna nood- en ambulansdienste omstreeks 16:00 gearriveer het. Geen selfoon, identifikasiedokumente of persoonlike besittings is by die oorledene gevind nie. Hy was in donker, informele drag geklee.

Teen Maandag, 13 Oktober 2025, het niemand nog 'n vermiste-persoon-rapport by die Heilbron-polisiekantoor ingedien wat ooreenstem met die beskrywing van die man nie. Die ondersoek duur voort, en SAPS doen 'n beroep op enigeen wat inligting oor die voorval of die identiteit van die oorledene het, om met hulle in verbinding te tree.

In 'n verklaring het stasiebevelvoerder, Lieutenant-Kolonel Mokheti inwoners versoek om bewus te wees van geestesgesondheidsuitdagings en die belangrikheid om hulp te soek wanneer iemand oorweldig of depressief voel.

"Ons wil mense herinner dat hulle nie in stilte hoef te ly nie," het Lt. Kol. Mokheti gesê. "Daar is hulp beskikbaar – praat met iemand en soek ondersteuning voordat dit te laat is."

# UIT DIE PEN:

## Week 42



Ek het lank gedink voordat ek vandag se onderwerp aangepak het, want daar gaan vele mense wees met vele opinies. Hierdie is net my opine. Maar wie weet? Dalk stem jy saam.

Op 'n mooi dag land Pierre in matriek. Hy was nie 'n rocket scientist nie, maar kon 'n bal skop. Hy was dus in die eerste rugbyspan. Hy was ook die een wat pouse agter die houtwerkklas gaan rook het. Sy ma was baie betrokke by die skool en sy pa glad nie.

Pierre het, net soos die ander in sy klas, uitgesien na die matriekafskeid. Hy het 'n mooi, donkerblou pak aangehad, net die beste wat geld kon koop. Met 'n groot, gehuurde motor by die matriekafskeid aangekom. Want hy sal net een keer in sy lewe 'n matriekafskeid kan bywoon.

Aan die einde van sy skoolloopbaan was sy punte nou nie watwonders nie. Pierre besluit om matriek te herhaal. Hy vertel vir almal dat dit glad nie moeilik gaan wees om beter te doen nie, want hy het nou net drie vakke, in plaas van die sewe wat hy moes neem.

So besluit, so laatstaan.

Die volgende jaar speel Pierre weer in die eerste rugbyspan en rook steeds agter die houtwerkkamer. Hy spog dat hy weer 'n matriekafskeid gaan bywoon. Mens moet dit darem twee keer probeer.

Hy daag op met 'n splinternuwe, modieuse swart aanpak en al die *trimmings* wat daarmee saamgaan. 'n Duurder motor kom laai hom en sy metgesel af. Almal is in vervoering, want sy pak het blykbaar 'n paar duisend rand gekos.

Net nà die matriekafskeid besluit Pierre dat hy nie eers die moeite gaan doen om weer matriek te skryf nie. Hy neem sy ma se hoenderboerdery oor.

Vandag se storie handel nie oor Pierre nie maar oor matriekafskeide. Ek hoor sinsnedes soos: "Elke kind sien uit na sy of haar matriekafskeid." Of iets soos: "Julle is net jaloers omdat julle nie die geld het om sulke duur klere te koop nie." Dalk: "Die matrikulant het net een matriekafskeid, maar kan meer as een keer trou. Dus moet dit 'n meer flabojante geleentheid wees as hulle troue eendag."

Oor laasgenoemde het ek my bedenkinge: Jy insinueer dus dat jy reeds beplan om meer as een keer te trou? Weereens net my opinie.

Maar as ek weer matriekafskeidfotos gaan sien op my *Facebook feed* gaan ek huil. Hard en aanhoudend. Dis net *glitz and glamour* so ver jy kyk. Daar is liggies en kerse en goue messegoed en draperings van lappe wat van die dak af hang.

Ouers en kontrakteurs werk vir weke aan die saal. Daar is professioneel gedrukte spyskaarte en naamkaartjies op elke tafel. Rookmasjiene, spieëlligte, noem maar op.

Die kos is uit die boonste rakke (ook 'n professionele chef wat dit gemaak het), dis amper mooier om na te kyk as om te eet.

Buite die saal kom die matrieks aan. Kyk, hier kom Jeanet met haar ontwerpte rok, fluister hulle. Haar rok kos R25 000 en dit is spesiaal ontwerp vir haar. Ek skud my kop in ongeloof: wat het daardie ontwerper met R25 000 gekoop? Drie kleinerige stukkies materiaal: twee om die belangrikste twee goetertjies op haar bolyf toe te maak, een vir die onderste gedeelte van die rok. En daar was te min lap, want jy kan sien dat haar onderklere dieselfde kleur is as haar rok. Die spleet strek tot by *Paraguay*.

Aan haar sy is Gavin. Hy het 'n nuwe ontwerkperspak aan, dit pas nogal by Jeanet se rok. Sy nuwe leerskoene blink in die liggies en om sy das is 'n 9 karaat goue dasring. Dis blykbaar die nuwe mode.

Maar dis nie al wat die oog vang nie. Dis die kar. 'n Windmakerige rooi, plat kar. Jeanet het effens gesukkel om uit die kar te kom, omdat dit so laag is. Daar is net sewe karre van hierdie reeks in Suid-Afrika en die eienaar kon darem een bekom. Gelukkig het die eienaar versekering op die motor. Wanneer hy die dag met die motor ry, moet hy die versekering laat aktiveer vir daardie dag, want dit is heeltemal te duur om 'n maand se premie te betaal wanneer jy net met spesiale geleenthede met die kar ry.

Die kar staan ook op matte in sy stofdigte garage.

In Sondag se koerant (digitaal, nie gedruk nie), lees ek van 'n matriekdogter wie se matriekafskeidrok (ten bedrae van R20 000) laat was en sy kon dit nie na die matriekafskeid dra nie. Trane, o, die trane. Oor 'n *blêrrie* rok, wil ek vra.

Dis wonderlik as jy bogenoemde kan bekostig. Ek gun jou elke liewe bederf wat na jou kant toe kom.

Maar hoekom het dit in 'n kompetisie ontaard? Omdat jy dalk net een matriekafskeid gaan hê, maar drie troues? (Nie as jy Pierre was nie).

Moet almal elke keer verbysterd staar na die geld wat hierop uitgegee word? Daar is 'n miljoen fotos van die tafels en die blomme en die ligte. En wie onthou dit, wonder ek?

Ek het min of meer al elke voertuig gesien waarop matrikulante by die lokaal opdaag: plat motor, ou motor, gewone motor, kruiwa, driewiel, scooter, trekker, helikopter. Ek wag vir die dag wanneer iemand met 'n vliegtuig voor die lokaal neerstryk.

Vir my lyk dit na 'n mors van geld. Vir beide die skool en die matrikulant. Maar, soos ek gesê het, hierdie is my menig en jy hoef glad nie saam te stem nie.

Ek wens, van my kant af, dat daar beperkinge geplaas word op die skouspelagtigheid en spandabelrigheid van hierdie okkasie. En dit sal nogsteeds 'n pragtige en onvergeetlike aand wees.

# Kwakwatsi-inwoners ontvang erwe in Koppies

## *Titelaktes oorhandig in Koppies: Burgemeester gee grondbesit aan behoeftiges*

Koppies (Ngwathe) – Inwoners van die Kwakwatsi-gemeenskap het Vrydag, 10 Oktober 2025, groot rede gehad om te glimlag toe die Uitvoerende Burgemeester van die Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit, Raadsvrou Victoria De Beer-Mthombeni, amptelik residensiële erwe in Kwakwatsi Uitbreiding 5, Wyk 17, aan goedgekeurde begunstigdes oorhandig het.

Volgens die munisipaliteit is die proses deel van voortgesette pogings om grondsekerheid en waardige behuising vir inwoners te bevorder — veral vir diegene wat onder moeilike sosio-ekonomiese omstandighede leef.

Raadsvrou De Beer-Mthombeni het tydens die oorhandiging benadruk dat voorkeur gegee is aan huishoudings wat as behoeftig (indigent) geregistreer is, sowel as aan kwesbare individue, insluitend bejaardes en persone met gestremdhede, soos beskryf onder die Older Persons Act (Wet 13 van 2006).

Inwoners het die dag saam met munisipale amptenare en gemeenskapsleiers gevier, waar sommige van die begunstigdes hul titelakte onderteken het.








# Onwettige storting op die Deneysville-pad

’n Toenemende omgewingsprobleem dreig net buite Heilbron, waar inwoners hul huishoudelike vullis onwettig langs die Deneysville-pad en in die klein spruit in die omgewing stort. Wat eens ’n rustige landelike waterstroom was, is nou besaai met gemors — van plastieksakke tot gebruikte doeke wat in en teen die wal opgehoop lê.

Volgens ooggetuies is die toneel in sommige dele só erg dat die mure van die spruit letterlik “gepleister” lyk met weggooidoeke - ’n verskriklike gesig vir enige verbyganger.

’n Plaaslike inwoner, wat verkies om anoniem te bly, het reeds ’n klag by die munisipale bestuurder van die Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit ingedien en versoek dat daar met hom in verbinding getree word. Tot dusver, sê die inwoner, is daar geen terugvoer ontvang of opruimingswerk gedoen nie.

Hoewel die gebrek aan optrede kommer wek, lê die kern van die probleem nie uitsluitlik by die owerhede nie. Die werklike kwessie, meen inwoners, is dat sekere persone eenvoudig nie hul verantwoordelikheid as burgers nakom nie.

Daar bestaan reeds ’n aangewese stortingsterrein in Heilbron waar inwoners hul huishoudelike vullis veilig en wettig kan stort. Tog kies sommige steeds vir die maklike, maar onwettige roete — met groot skade aan die omgewing en gemeenskap se beeld.

“Dis nie net die munisipaliteit se plig om skoon te maak nie,” sê ’n gemeenskapslid. “Ons almal dra die verantwoordelikheid om ons dorp netjies te hou en ons natuurlike omgewing te beskerm.”

Gemeenskapsorganisasies het intussen die publiek versoek om onwettige storting te rapporteer en ander bewus te maak van die langtermyn gevolge van besoedeling, veral in natuurlike spruite en landelike gebiede.






# In herinnering aan Gert Scholtz

## *(1947–2025)*

Met diepe meegevoel word die afsterwe van Gert Scholtz aangekondig, gebore op 13 Mei 1947 en oorlede op 9 Oktober 2025.

Mnr. Scholtz was inwoner van Huis Bron-van-Heil Ouetehuis in Heilbron, waar hy sy laaste jare deurgebring het.

’n Gedenkdiens ter viering van sy lewe het plaasgevind op Donderdag, 16 Oktober 2025, om 11:00 by Huis Bron-van-Heil.



# First Women's Soccer Tournament in Phiritona

The first-ever women's soccer tournament in Phiritona took place recently at the Black Swallows Sports Grounds, marking not only a celebration of sport but also a powerful statement of hope and awareness in the fight against substance abuse.

The event, organised by a local community member in partnership with several stakeholders, aimed to encourage young people to rediscover the value of hobbies and personal talents, and to choose healthy, purposeful activities over destructive habits.

"Many young people no longer realise how important it is to have hobbies – something that keeps them motivated and proud of their own abilities," said the organiser. "Sport brings discipline, unity, and a sense of purpose."

The tournament was made possible through collaboration between the Office of Ward 2 Councillor Johnny Serathi, the Department of Sport, Arts and Culture in Heilbron, and a long list of local sponsors who threw their support behind the initiative.

Among the sponsors were Oasis Heilbron, ULTRA Liquor Heilbron, GodlyBuds Crèche (Secunda), Yeku Mona Pub & Grill, Cruz Lounge, Cebile Internet Café, Pallet & Decor, Umair Hardware, Esther's BnB, and the One God One Nation organisation.

The event also received strong backing from the South African Police Service in Heilbron, with Station Commander Colonel Mokhethi personally assisting in the planning and showing visible support on the day — a gesture that sent a clear message of community partnership and youth development.

Players and spectators alike described the tournament as a resounding success — not just for the excitement of the matches, but for the renewed sense of togetherness it brought to Phiritona. Organisers hope this marks the first of many women's tournaments to come, inspiring a culture of healthy living, empowerment, and self-development among young women in Heilbron.

"Sport is more than just a game," said Col. Mokhethi. "It's a way to steer young people away from danger, and to remind them of their own strength and potential."

Also at the event, keynote speakers addressing spectators: Cllr Johnny Serathi, Miss M Nkitsing (retired educator), AP. Darryl Jaars (Was once an addict for 13 years, street kid for 8, clean for 7), Sergeant. S Molapisi, Dr. M Koto, Mr B Mochologi (Deputy Chairperson of Heilbron First Trust), Mr TB Serathi (Crime Prevention Youth Desk - SAPS), and event organizer Ms. Suzan Thabane.







San-Jo's Family & Pizza FULLY LICENSED RESTAURANT & take aways

Vakante pos

**Vereistes**
- Geldige bestuurslisensie
- Tweetalig skryf, lees en praat (Afrikaans & Engels)
- Skofte werk, Vrydae en Saterdae ingesluit
- Onder druk kan werk
- Inisiatief kan neem
- Bokse voorraad kan optel en hanteer.

CV by San-Jo's afgee of epos na annaduplessis2003@yahoo.com
**Sluitingsdatum 22 Oktober 2025**





# Hoede, Blomme en Pret by Huis Bron-van-Heil se Basaar

Trek daai kreatiewe *thinking cap* aan, want Huis Bron-van-Heil hou op Saterdag, 25 Oktober 2025, hul basaar – en dié keer gaan dit alles oor hoede, kleur en kreatiwiteit!

As deel van die dag se feesvieringe vind daar 'n opwindende hoede kompetisie plaas, waar deelnemers hul mees unieke, of blomtuin-geïnspireerde hoede kan ontwerp en vertoon. Dis pret vir jonk en oud, en beloof hope lag, inspirasie en stylvolle kopbedekkings!

**Twee kategorieë om uit te kies:**
Blomtuin-tema (Flower Garden)
Oorspronklikste Hoed

Deelname is oop vir almal en inskrywings open om 09:30 op die dag van die basaar. Vorms is beskikbaar by Huis Bron-van-Heil vir elkeen wat hul kreatiewe *flair* wil wys en inskrywings vir volwassenes bo 16 jaar is R20, maar kinders onder 16 jaar en inwoners van Huis Bron-van-Heil kan gratis deelneem. Beoordeling begin om 11:00 by die basaar

Selfs die kleutersl

om deel te neem! A[l] kry hulle nie 'n groot prys nie, ontvang elke jong deelnemer 'n lekker soet bederfie as dankie vir hul deelname.

Die volwasse deelnemers staan egter kans om 'n groot prys te wen — so bring jou beste idee, versier daai hoed, en kom wys wat jy het!

"Ons wil hê almal moet kom saamkuier, lag en die dag geniet," sê Bettie De Kock van Huis Bron-van-Heil. "Dis 'n lekker manier om die gemeenskap bymekaar te bring — met kleur, kreatiwiteit en klomp hoede vol karakter!"

So, pak jou verf, lint en blomme nader, en maak seker jy's daar vir die Huis Bron-van-Heil Basaar op 25 Oktober.

Dis pret vir die hele familie – en dalk loop jy weg met die prys vir die beste hoed in Heilbron!

# VKB Heilbron Six-a-side Krieket-dag

Die VKB Heilbron Six-a-Side krieketdag is op 13 September by Hoërskool Heilbron se krieketveld aangebied en was 'n groot sukses, met verskeie spanne wat aan die kompetisie deelgeneem het.

Dit het behoorlik sesse en viere "gereën", met kolwers wat behoorlik langsteel ingelê het om die toeskouers te vermaak. Elke span het tot vier wedstryde gespeel, en in die finaal het die A-span koning gekraai teen die Sloggers.

Hoërskool Heilbron se onderwysers het ook deelgeneem, met mnr. Johnny van der Merwe, die skoolhoof, wat hierdie byeenkoms as 'n jaarlikse instelling by die skool te maak.

Langs die veld is daar heerlik gebraai en gekuier, terwyl springkastele vir groot pret onder die kinders gesorg het.



*Op die foto vl: JJ Joubert, Peet Saaiman, Pieter Bronkhorst, Gideon Swart, Arno Swart en Juan Botha.*

'n Groot dankie aan Pieter Bronkhorst van VKB Heilbron, ons hoofborg, asook aan Danie Rietchard van Danrie Metals, Pakworks en Star Slaghuis vir hul waardevolle bydraes.



# KENNISGEWINGS

## KENNISGEWING AAN DEBITEURE & KREDITEURE

In die boedel van wyle **JAN JOHANNES VAN ROOYEN,** Identiteitsnommer 481027 5117 08 1, Getroud buite gemeenskap van goed, woonagtig was te Plaas Strydfontein, Heilbron, provinsie Vrystaat, wie oorlede is op 31 Augustus 2025, **boedelnommer 006578/2025**.

Krediteure in genoemde boedel word hiermee aangesê om binne 'n tydperk van 30(dertig) dae hul eise teen die boedel in te stel en debiteure word versoek om hul skulde binne genoemde tyd te betaal.

**JG POTGIETER & VENNOTE INGELYF**
**BREËSTRAAT 33**
**POSBUS 199,**
**HEILBRON, 9650**
**GEREGISTREERDE OUDITEUR**


BONSMARA BULLE TE KOOP

Geregistreerde bulle.

Vir enige navrae kontak Hennie Naudé 083 269 9293


VORM JJJ

## VERLORE OF VERNIETIGDE TITELBEWYS

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van regulasie 68 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van **Transportakte T4569/1993** gepasseer deur **HENDRIK CHRISTIAAN JACOBS, Identiteitsnommer: 230327 5015 002,** Getroud binne gemeenskap van goed met ELIZABETH WILHELMINA JOHANNA JACOBS, ten aansien van sekere ERF 14 geleë in die dorp Edenville, Distrik Kroonstad, GROOT: TWEE DUISEND NEGE HONDERD VIER EN SEWENTIG (2974 vierkante meter.

Wat verlore geraak het of vernietig is.

Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes: Vrystaat te BLOEMFONTEIN binnetwee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.

Gedateer te HEILBRON op hede die 7de dag van Oktober 2025.

**AANSOEKER: AMANDA ANNE SCHUTTE**
**ADRES: 40 KERKSTRAAT, HEILBRON 9650**
**E-POS ADRES: aktesa@corven.co.za**
**KONTAKNOMMER: 058 852 2035**




VORM JJJ

## VERLORE OF VERNIETIGDE TITELBEWYS

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van regulasie 68 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van **Transportakte T4803/1955** gepasseer deur **NICOLAAS JACOBUS SENEKAL** in sy hoedanigheid as Eksekuteur Testamentêr in die Boedel van wyle **ELIZABETH WILHELMINA VAN ZYL (Gebore Olivier) No. 743/53** kragtens Briewe aan Administrasie gedateer 21 Julie 1953 ten aansien van sekere:ERF NO. 166 geleë in die dorp Edenville, Distrik Kroonstad, GROOT: TWEE EN VYFTIG (52) vierkante roede, TWAALF (12) vierkante voet

Wat verlore geraak het of vernietig is.

Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes: Vrystaat te BLOEMFONTEIN binnetwee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.

Gedateer te HEILBRON op hede die 7de dag van Oktober 2025.

**AANSOEKER: AMANDA ANNE SCHUTTE**
**ADRES: 40 KERKSTRAAT, HEILBRON 9650**
**E-POS ADRES: aktesa@corven.co.za**
**KONTAKNOMMER: 058 852 2035**

HEILBRON HERALD WINKELURE

Maandae - Donderdae: 07:30 - 17:00
Vrydae: 07:30 - 16:30
Saterdae: 08:30 - 13:00

# SMALLS DIENSTE


**BAAL / SNY & BAAL**

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685
Heilbron

DUPNO Trading
AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak: Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com


## GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**

**Tel: 058 852 3033/4/5**
**• Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**

• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za (Wyeformaat produksiebestuurder) WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za herald@heilbron.co.za (Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.) WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Antonio** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, Skryfbehoeftes, Kommersiële drukwerk ens.) WhatsApp Nr. 061 294 3983
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.) WhatsApp Nr. 066 056 1601
• heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**


*Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.*

**BIBLIOTEEK OOP**

*Piercestraat 66 • Heilbron*
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***





**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**

Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Sonja Muller**
**081 849 1877**





Neem asb. kennis dat die Heilbron Herald se fabriek die 12de Desember 2025 sluit en DV die 7de Januarie 2026 open. Die winkel sluit die 18de Desember 2025 en open die 5de Januarie 2026.

Bestel asb. vroegtydig u drukwerk en skryfbehoeftes om teleurstelling te voorkom.

**Elsstraat 44**
**Heilbron**
**Tel: 058 852 3033**




Die Heilbron Herald se laaste uitgawe (Kersuitgawe) is **DV 12 Desember 2025** en die eerste uitgawe vir 2026 **9 Januarie 2026.**






HERALD Sport

# Dames presteer by Valsrivier Trips

Die nuwe rolbalseisoen het afgeskop met die Valsrivier Trips (driespel) wat die afgelope naweek op die bane van Kroonstad beslis is. Hoewel die mansspanne klei getrap het het die damesspanne kop gehou en die goud- en bronsmedaljes huis toe gebring.



*Op die foto vl: Rose Broodryk, Carine Kriek en Dolly Pretorius.*



*Op die foto vl: Hannalie Claassen, Sonja Muller en Tracy Jacobs.*










Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald. Kontak gerus vir Antonio by 058 852 3033 of heraldnuus@heilbron.co.za

**WINKELURE**

**Maandae - Donderdae: 07:30 - 17:00**
**Vrydae: 07:30 - 16:30**
**Saterdae: 08:30 - 13:00**

Herald Office National

Elsstraat 44, Heilbron | Tel: 058 852 3033
E-Pos: heraldwinkel@heilbron.co.za

JY WORD HARTLIK UITGENOOI NA ONS
KERSSANGDIENS
16 NOVEMBER 2025
@ 18:00
HEILBRON-SUID KERK

Herald Office National
Back2School
2026 School Stationery
How Do I Order?
1. Send us your child's stationery list
Any extra necessities can be noted on the list
*E-mail: heraldwinkel@heilbron.co.za *W/App: 060 817 9911
2. We prepare each child's stationery box as per their list
3. We notify you when the order is ready and the amount
4. Contact Thea or Connie for any queries
Tel: 058 852 3033/4
Heilbron Herald 44 Els Str. Heilbron
Pre- Down Payments Welcome
Order Now Don't wait Until January
We make Back to School EASY

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 20 OKTOBER 2025**
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

**DINSDAG - 21 OKTOBER 2025**
DEVON 2-Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Nico Jacobs 082 892 4036
ANYSSPRUIT Halfjaarlikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242
VERKYKERSKOP Maandelikse veiling
Kontak Marthinus Theunissen 076 420 4115

**WOENSDAG - 22 OKTOBER 2025**
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
BULTFONTEIN Vetvee veiling
Kontak Piet Ferreira 082 776 1516
REITZ Maandelikse veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

**DONDERDAG - 23 OKTOBER 2025**
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242
FICKSBURG Maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855

**VRYDAG - 24 OKTOBER 2025**
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Sally de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za

BONUS HARDWARE
HARDWARE & BUILDING SUPPLIES

VAKATURE
VLOER VERKOOPSMAN

*Bogenoemde vakature bestaan tans by Bonus Hardeware Heilbron.*

Posvereistes:
- Aangename persoonlikheid
- Goeie kommunikasievermoë en klantediensingesteldheid
- Kliëntediens

**Aansoeke vir bogenoemde betrekking moet gerig word aan:**
Die Bestuurder, Bonus Hardeware
Breëstraat 31, Heilbron, 9650.

Sluitingsdatum: 25 Oktober 2025

VIR DIE BEMARKING VAN U VEE, KONTAK:
HUGO GROENEWALD - HEILBRON
082 569 7205
ARNO SWART - EDENVILLE/PARYS/KOPPIES
067 069 8383
MARKO GERBER - SASOLBURG/WOLWEHOEK
064 808 8034
SKAKEL GERUS ENIGE VAN ONS BEMARKERS VIR U KRAAL BESPREKING
Wessentral